

Leesspoedteks vir leerder

Graad 6

Antarktika

Jy sal nooit raai waar negentig persent van die aarde se varswater is nie. Dit is gevries in die massiewe yslaag wat die Antarktika-kontinent bedek! In party plekke is die ys amper vyf kilometer dik. Dit is so swaar dat dit die land tot onder seevlak forseer het. Tog het Antarktika steeds die hoogste hoogte bo seespieël van enige kontinent omdat die ys so hoog opgestapel is. Die Suidpool is in Antarktika, maar die kontinent bedek 'n groot area.

Dit is die vyfde grootste kontinent. Dit verander voortdurend van grootte omdat die ys smelt en groei.

Die Suidsee omring Antarktika. In die winter vries ongeveer die helfte van die oseaan onder nagenoeg 'n meter ys. Die temperature op land bereik dikwels honderd grade onder vriespunt. Die koudste temperatuur wat nog ooit op die aarde aangeteken is, was -128.2 grade in Vostok, 'n Antarktiese navorsingstasie.

Soms waai die wind teen 320 kilometer per uur. Antarktika kry egter amper geen sneeu nie. Die lug is baie droog. Al is die land met ys bedek, stem baie van die kontinent se eienskappe met die van ander kontinente ooreen. Die Transantarktiese berge strek regoor die kontinent. Hulle verdeel Antarktika in 'n oostelike en westelike streek.

Sedert antieke tye, het mense vermoed dat daar 'n suidelike kontinent bestaan. Die eerste persoon wat reg rondom geseil het, was kaptein James Cook. Dié Britse ontdekkingsreisiger het die gevaarlike vaart in die 1770's met 'n seilskip aangedurf. Nadat Cook bekend gemaak het wat hy gevind het, het ander mense ook na Antarktika gereis. Maatskappye het skepe gestuur om robbe en walvisse te jag. Daardie diere was waardevol omdat hulle spek as brandstof gebruik is. Walvisbene is ook gebruik om rokke te maak en robvelle is gebruik om jasse te maak.

In die vroeë 1900's, het wetenskaplikes begin om Antarktika te besoek. Hulle het stasies opgerig waar hulle data oor ys, die klimaat, diere en plante kon versamel. Vandag, is daar steeds navorsingstasies oral in Antarktika.

Die McMurdo-navorsingstasie is so groot, dat dit 'n duisend mense kan huisves. Die meeste wetenskaplikes lê besoek af in die somer, maar 'n paar neem die risiko en bly daar tydens die wintermaande.

Buiten walvisse en robbe, is Antarktika bekend vir sy pikkewyne. Daar is baie spesies van pikkewyne en ander seevoëls. Al die diere wat daar bly, kan in baie koue temperature oorleef. Nie baie plante kan weerstand bied teen die klimaat nie. Daar groei slegs drie soorte blomplante daar. Hulle blom 'n paar weke lank in die somer, en ook net in een area. Daar is egter honderde spesies fungi en mos op die kontinent.

Daar is geen inheemse bevolking op Antarktika nie. Primitiewe mense sou dit nie oorleef het nie. Mense wat daarheen gaan, moet spesiale toerusting gebruik sodat hulle nie vries nie.

Kontroleteks

Graad 6

Antarktika

Jy sal nooit raai waar negentig persent van die aarde se varswater is nie. Dit is gevries in die massiewe yslaag wat die Antarktika-kontinent bedek! In party plekke is die ys amper vyf kilometer dik. Dit is so swaar dat dit die land tot onder seevlak forseer het. Tog het Antarktika steeds die hoogste hoogte bo seespieël van enige kontinent omdat die ys so hoog opgestapel is. Die Suidpool is in Antarktika, maar die kontinent bedek 'n groot area. - **79**

Dit is die vyfde grootste kontinent. Dit verander voortdurend van grootte omdat die ys smelt en groei. - **98**

Die Suidsee omring Antarktika. In die winter vries ongeveer die helfte van die oseaan onder nagenoeg 'n meter ys. Die temperature op land bereik dikwels honderd grade onder vriespunt. Die koudste temperatuur wat nog ooit op die aarde aangeteken is, was -128.2 grade in Vostok, 'n Antarktiese navorsingstasie. - **147**

Soms waai die wind teen 320 kilometer per uur. Antarktika kry egter amper geen sneeu nie. Die lug is baie droog. Al is die land met ys bedek, stem baie van die kontinent se eienskappe met die van ander kontinente ooreen. Die Transantarktiese berge strek regoor die kontinent. Hulle verdeel Antarktika in 'n oostelike en westelike streek. - **206**

Sedert antieke tye, het mense vermoed dat daar 'n suidelike kontinent bestaan. Die eerste persoon wat reg rondom geseil het, was kaptein James Cook. Dié Britse ontdekkingsreisiger het die gevaarlike vaart in die 1770's met 'n seilskip aangedurf. Nadat Cook bekend gemaak het wat hy gevind het, het ander mense ook na Antarktika gereis. Maatskappye het skepe gestuur om robbe en walvisse te jag. Daardie diere was waardevol omdat hulle spek as brandstof gebruik is. Walvisbene is ook gebruik om rokke te maak en robvelle is gebruik om jasse te maak. - **299**

In die vroeë 1900's, het wetenskaplikes begin om Antarktika te besoek. Hulle het stasies opgerig waar hulle data oor ys, die klimaat, diere en plante kon versamel. Vandag, is daar steeds navorsingstasies oral in Antarktika. - **336**

Die McMurdo-navorsingstasie is so groot, dat dit 'n duisend mense kan huisves. Die meeste wetenskaplikes lê besoek af in die somer, maar 'n paar neem die risiko en bly daar tydens die wintermaande. - **371**

Buiten walvisse en robbe, is Antarktika bekend vir sy pikkewyne. Daar is baie spesies van pikkewyne en ander seevoëls. Al die diere wat daar bly, kan in baie koue temperature oorleef. Nie baie plante kan weerstand bied teen die klimaat nie. Daar groei slegs drie soorte blomplante daar. Hulle blom 'n paar weke lank in die somer, en ook net in een area. Daar is egter honderde spesies fungi en mos op die kontinent. - **447**

Daar is geen inheemse bevolking op Antarktika nie. Primitiewe mense sou dit nie oorleef het nie. Mense wat daarheen gaan, moet spesiale toerusting gebruik sodat hulle nie vries nie. - **478**

(Aangepas/vertaal van: © 2021 Scholar Within, Inc. ScholarWithin.com)

Vrywaring: Let asb daarop dat hierdie teks direk uit Engels vertaal is, en dus woordeskat kan bevattend wees in Afrikaans as makliker of moeiliker beskou word vir die aangeduide ouderdomsgroep. Pas asb die berekening van die WPM dienoreenkomstig aan, deur byvoorbeeld woorde wat te moeilik is, a.g.v. die vertaling, nie as deurslaggewend te gebruik vir die WPM nie.